

Plaasaanvalle en -moorde in Suid-Afrika

Ontleding van
opgetekende gevalle: 2019

'n Verslag deur
AfriForum Navorsingsinstituut

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding	3
2. Data-inwinning en -ontleding	3
3. Tendense: 2010 tot 2019	3
4. Ontleding per provinsie	4
4.1 Plaasmoorde per provinsie	4
4.2 Plaasaanvalle per provinsie	4
5. Tyd van insidente	5
5.1 Dag van die week	5
5.2 Tyd van die dag	5
6. Slagoffers	5
7. Aanvallers	6
8. Aanvalle	6
9. Slotsom	7

LYS VAN FIGURE AND TABELLE

Figuur 1: Getal plaasaanvalle en -moorde: 2010 tot 2019	3
Figuur 2: Getal aanvalle per maand vir die 2019-kalenderjaar	3
Figuur 3: Getal moorde per maand vir die 2019-kalenderjaar	4
Figuur 4: Moorde per provinsie vir die 2019-kalenderjaar	4
Figuur 5: Aanvalle per provinsie vir die 2019-kalenderjaar	4
Figuur 6: Vergelyking van die getal aanvalle: 2019 vs. 2018	5
Figuur 7: Persentasie van totale aanvalle per dag	5
Figuur 8: Persentasie van totale aanvalle per tyd van die dag	5
Figuur 9: Ouderdom van slagoffers	6
Tabel 1: Persentasie van totale getal moorde per provinsie	4
Tabel 2: Persentasie van totale getal aanvalle per provinsie	4
Tabel 3: Persentasie van aanvallers per slagofferkategorie	5
Tabel 4: Persentasie van misdade wat per geval gepleeg is	6

1. INLEIDING

Die hersiene nasionale landelike veiligheidstrategie (NLVS) is deur die Suid-Afrikaanse Polisie se afdeling vir sigbare polisiëring opgestel en op 11 Oktober 2019 bekendgestel. Vir die doeltreffende toepassing en inwerkingstelling daarvan steun die NLVS op die aanmelding en ontleding van plaasaanval- en -moordgevalle wat in Suid-Afrika gepleeg word. Met behulp van organisasies soos die TLU SA – wat inligting oor plaasaanvalle sedert 1990 byhou – en AfriForum het die belangrikheid van betroubare, geldige en deursigtige rapportering van hierdie misdade onontbeerlik geword om geweld in landelike gebiede aan bande te lê.

Die definisie van plaasmoorde, wat vir die doel van hierdie verslag op die NLVS-definisie gebaseer is, lui soos volg:

Geweldsdade teenoor 'n persoon/persone in landelike gebiede

Vir die doel van verslaggewing verwys geweldsdade teenoor 'n persoon/persone wat in landelike gebiede bly, insluitend plase en landbouhoewes, na dade gemik op 'n persoon/persone wat in landelike gebiede woon of werk, of dit besoek, hetsy met die bedoeling om te vermoor, verkrag, beroof of liggaamlike leed aan te doen. Bykomend word alle geweldsdade teenoor infrastruktuur en eiendom in die landelike gebied, wat op die ontwrigting van boerdery of ander handelsake gemik is, ongeag of die motief/motiewe met die pleeg van ander misdaad/misdade, ideologie, gronddispute, wraak, griewe, rassitiese aangeleenthede of intimidasie verband hou, by hierdie definisie ingesluit.

Gevalle wat met gesinsgeweld of drankmisbruik verband hou of uit algemene sosiale interaksie tussen mense voortspruit, word van dié definisie uitgesluit.


2. DATA-INWINNING EN -ONTLEDING

Die integriteit van die inligting, van inwinning tot ontleding, is van uiterste belang om plaasaanvalle aan bande te lê. Data word ingewin en gestaaf deur van verskeie betroubare bronne gebruik te maak. Dit sluit die Suid-Afrikaanse media in wat toegewyd oor individuele sake verslag doen, asook sosiale media, veiligheidsnetwerke en inligting wat van slagoffers en hul families bekom is.

Om data-integriteit te verseker, is gevalle uitgesluit waar weersprekende of onvolledige inligting voorsien is om individuele of spesifieke gevalle te staaf of te bewys. Alle gevalle wat ontleed is, is gestaaf en die feite daarvan bevestig. Dit is belangrik om daarop te let dat die plaasaanvalstatistieke vir hierdie rede as konserwatief beskou word en aan wysiging onderhewig is.


3. TENDENSE: 2010 TOT 2019

Plaasaanvalle het sedert 2011 begin toeneem, soos uit Figuur 1 blyk. In die 2019-kalenderjaar is 552 plaasaanvalle aangemeld en bevestig. Word 2019 met 2018 vergelyk, is 27% meer plaasaanvalle deur AfriForum aangeteken. Sewe-en-vyftig plaasmoorde is in 2019 aangeteken, wat drie meer is as in 2018.



Figuur 1: Getal plaasaanvalle en -moorde: 2010 tot 2019¹


Daar moet in ag geneem word dat die getal aanvalle wat aangemeld is hoër mag wees as dit met die syfers van die SAPD vergelyk word. Daar is 'n beduidende donker getal met betrekking tot plaasaanvalle, want individuele gevalle word by polisieostasies aangemeld – dit word nie altyd via sekuriteitstrukture aangemeld nie, en die media doen nie verslag oor een en elke plaasaanval nie. In Figuur 2 word 'n uiteensetting gegee van die getal aanvalle per maand.



Figuur 2: Getal aanvalle per maand vir die 2019-kalenderjaar

Oor dieselfde tydperk is 57 moorde bevestig. Omdat daar wyd oor plaasmoorde berig word, kan dié getal as 'n betroubare aanduiding beskou word van slagoffers wat tydens plaasaanvalle vermoor is (sien ook Figuur 3).

¹ Die grafiek gebruik inligting wat deur die TLU SA ingewin is.



Figuur 3: Getal moorde per maand vir die 2019-kalenderjaar

4. ONTLEDING PER PROVINSIE


4.1 Plaasmoorde per provinsie

Die getal plaasmoorde in die Vrystaat het oor die afgelope drie jaar beduidend toegeneem. Die grootste getal plaasmoorde is in die Vrystaat, Gauteng, KwaZulu-Natal en Limpopo aangeteken, soos daar in Tabel 1 aangedui word.

Tabel 1: Persentasie van totale getal moorde per provinsie

Provinsie	Persentasie van totale moorde
Vrystaat	19%
Gauteng	14%
KwaZulu-Natal	14%
Limpopo	12%
Noordwes	11%
Wes-Kaap	11%
Mpumalanga	9%
Oos-Kaap	7%
Noord-Kaap	4%

'n Uiteensetting van die getal moorde per provinsie word in Figuur 4 gegee.



Figuur 4: Moorde per provinsie vir die 2019-kalenderjaar


4.2 Plaasaanvalle per provinsie

Tot en met 2019 het Gauteng steeds die meeste plaasaanvalle ervaar, soos uitgewys in Tabel 2. Die rede hiervoor kan moontlik toegeskryf word aan die groot aantal landbouhoeves en die hoë digtheid van dié eiendom in dele soos Erasmia en Muldersdrift, wat plaasaanvallers in staat stel om verskeie eiendomme in een nag aan te val.

Tabel 2: Persentasie van totale getal aanvalle per provinsie

Provinsie	Persentasie van totale moorde
Gauteng	30%
Noordwes	15%
Limpopo	11%
Vrystaat	9%
Wes-Kaap	9%
Mpumalanga	9%
Oos-Kaap	8%
KwaZulu-Natal	7%
Noord-Kaap	1%


59% van die aanvalle in die tyd onder oorsig het op plase plaasgevind, en 37% op landbouhoeves.² Die getal plaasaanvalle per provinsie vir die 2019-kalenderjaar word in Figuur 5 aangedui.



Figuur 5: Aanvalle per provinsie vir die 2019-kalenderjaar

Die getal aangetekende aanvalle op plase en landbouhoeves het in sewe van die nege provinsies in Suid-Afrika toegeneem (sien Figuur 6). Die toename in plaasaanvalle is kommerwekkend omdat die afstand tussen die plaas en die naaste dorp nog altyd beskou is as 'n afskrikmiddel om eiendom te identifiseer wat die oortreders beplan om aan te val. Die afgeleë aard van die meeste plase is tot egter voordeel van oortreders, omdat die groot afstand tussen plase aan hulle die geleentheid bied om misdade te pleeg sonder dat hulle deur verbygangers opgemerk word. Om die soms swak toestand van landelike paaie die hoof te bied, word die slagoffer/s se voertuie – wat vir dié terreine geskik is – soms gebruik om van die toneel te vlug. Dit word dan verlate gelaat sodra die misdadigers van voertuie verwissel het.

² 1% van dié aanvalle is vir lodges aangeteken, en die tipe eiendom was onbekend in 2% van aangetekende gevalle.




Figuur 6: Vergelyking van die getal aanvalle: 2019 vs. 2018

5. TYD VAN INSIDENTE

5.1 Dag van die week


Daar is geen beduidende verskil in die voorkoms van aanvalle per weksdag nie, soos daar in Figuur 7 aangedui word. Inligting dui daarop dat aanvalle effens minder geneig is om op Sondag, Maandag en Woensdag plaas te vind.

5.2 Tyd van die dag



Figuur 7: Persentasie van totale aanvalle per dag³

Die tyd van die dag waarop die aanvalle plaasvind, kom ooreen met vorige jare. Die meeste aanvalle word tussen 18:00 en 03:00 gepleeg.



Figuur 8: Persentasie van totale aanvalle per tyd van die dag⁴

6. SLAGOFFERS

905 slagoffers⁵ is aangeval in 552 plaasaanvalle wat ontleed is. In 57% van gevalle is slegs een slagoffer aangeval, en twee slagoffers in 30% van gevalle. Navorsing dui daarop dat, hoe meer mense daar by die beoogde teiken is, hoe kleiner die kans vir 'n aanval om te gebeur.

In 66% van gevalle was eienaars en die eienaars se gesinslede die slagoffers. Die aantal werkers wat aangeval is (26% van gevalle) blyk sedert vorige jare toegeneem het. (Tabel 3).

Tabel 3: Persentasie van aanvalle per slagofferkategorie

Slagofferkategorie	Persentasie van totale aanvalle
Eenaar/gesin	66%
Werker ⁶ /gesin	26%
Gaste	8%

Die gemiddelde ouderdom van slagoffers is 55 jaar.⁷ Die meerderheid slagoffers (42%) is tussen 60 en 79 jaar oud (sien Figuur 9), met 'n beduidende 28% van slagoffers wat tussen 40 en 59 jaar oud is.


³ Die presiese datum van die aanval is onbekend in 1% van aangetekende gevalle.

⁴ Die aanvalstyd was onbekend vir 17% van aangetekende gevalle.

⁵ Die getal slagoffers is onbekend vir 23 (4%) van aangetekende gevalle.

⁶ Sekuriteitspersoneel en voormanne is ook hierby ingereken.

⁷ Die ouderdom van die slagoffer/s is onbekend in 210 (38%) van die gevalle.



Figuur 9: Ouderdom van slagoffers

7. AANVALLERS

1 575 oortreders⁸ word gemeld as die totale getal aanvallers wat dié misdade gepleeg het. Die gemiddelde getal aanvallers per geval is drie. Dit dien gemeld te word dat dié getal hoër kan wees weens onsekerheid by slagoffers of daar meer aanvallers betrokke of teenwoordig was as waarvan hulle bewus was of wat hulle self gesien het. Dit is nie ongewoon nie dat plaasaanvallers uitkykers het wat op die eiendom waghou of 'n ontsnappingsvoertuig het wat buite sig versteek word. Dit word algemeen gemeld dat aanvallers balaklawas en/of handskoene dra om hul identiteite te verberg of om slagoffers te verhoed om die oortreders later te kan identifiseer.

8. AANVALLE

In baie gevalle is slagoffers in hul huise oorweldig, in lokvalle gelei of verras. Aanvallers het toegang verkry deur veiligheidsdeure, diefwering, deure en vensters oop te breek, of deur vensters en deure wat oopgelaat is.

Spesifieke misdade wat gepleeg is, is net in 239 (43%) van aangetekende gevalle aangemeld. Daar kan egter aangeneem word dat ernstige misdade wel aangeteken is. Die persentasie van gevalle waar 'n misdaad op liggaamlike leed gemik is, is aangeteken vir gevalle waar dit inderdaad aangeteken is, en al dié gevalle word in Tabel 4 opgesom.

Die persentasie van gevalle (26%) waar die aanvallers probeer het om een of al die slagoffers te vermoor, is uiters kommerwekkend. Dit dui daarop dat aanvallers bedoel het om die slagoffers te vermoor, hoewel die slagoffers oorleef het. Die getal plaasmoorde sou hoër gewees het as die aanvallers suksesvol was in die uitvoer van hul bedoelings.

In 9% van aangemelde gevalle is een of meer slagoffers vermoor. Ander inligting wat noemenswaardig is:

Tabel 4: Persentasie van misdade wat per geval gepleeg is

Misdaad aangeteken	Persentasie van gevalle waar die spesifieke misdaad aangeteken is	Persentasie van totale gevalle
Aanranding met die oog op ernstige liggaamlike leed	20%	9%
Poging tot moord	61%	26%
Verkragting	7%	3%
Ontvoering	5%	2%
Marteling	9%	4%
Slagoffers vermoor (aantal gevalle)	21%	9%

- » 18 vroue is in die tydperk onder oorsig verkrag. In sommige gevalle is slagoffers deur meer as een aanvaller verkrag.
- » Een of meer slagoffers is in 11 gevalle tydens die aanval ontvoer.
- » Een of al die slagoffers is in 22 gevalle aan verskeie vorme van marteling onderwerp, wat onder meer ingesluit het om slagoffers met plastiek, stryksters of kookwater te brand, of met petrol te begiet.
- » In drie aangemelde gevalle is brandstigting gepleeg deur huise doelbewus aan die brand te steek, in twee gevalle met die mense binne-in toegesluit.

Die gebruik van messe, pangas, byle en ander skerpe voorwerpe tydens aanvalle dui daarop dat die oortreders kan en bereid is om direk met slagoffers in aanraking te kom om hulle leed aan te doen. Sommige aanvallers gee voorkeur aan dié wapens omdat die kans om gehoor te word veel kleiner is as wanneer hulle byvoorbeeld vuurwapens gebruik. Ander wapens sluit in flitse, skaapskêre, skroewedraaiers en ander gereedskap.

⁸ Die getal aanvallers is onbekend in 79 (14%) van die aangetekende gevalle.

9. SLOTSOM

In een van die plaasaanvalle wat aangemeld is, het die man aan sy vrou gesê: “Hulle kom.”

Slagoffers en hul gesinne word met ernstige trauma, emosionele en sielkundige skade gelaat. Die gruwelikste besonderhede van dié misdade is meestal juis dié wat nooit aangemeld word nie. Dit is uiters belangrik om noodsaaklike ondersteuning – veral emosionele ondersteuning – aan

slagoffers van geweldsmisdaad te bied. Gemeenskappe word altyd aangemoedig om by veiligheidsnetwerke in hul omgewing betrokke te raak. Dit is noodsaaklik om dit so moeilik moontlik vir aanvallers te maak om toegang tot huise te verkry.

Ons moedig slagoffers en/of hul gesinne aan om aanvalle by stopdiemoorde@afriforum.co.za aan te meld.







ANI[™]

AFRICAN NAVORSINGS
INSTITUUT